SONDAG VIR PERSONE MET GESTREMDHEID

25 AUGUST 2019

"Sodat my huis vol kan word"

In die Bybelverse Lukas 14:16-23, berei 'n man 'n groot fees voor en stuur baie uitnodigings uit. Maar baie van die genooides het verskonings gehad en geweier om te kom. Die man besluit toe om die dorpsmense wat gewoonlik nie na 'n fees toe genooi word nie uit te nooi. Sy vrygewigheid was verstommend, hy wou sy huis vol hê! Mense met gestremdheid moes spesifiek ingesluit word voor die fees kon begin.

Op 25 Augustus 2019 (of enige ander dag wat jou kerk-program pas), word Suid-Afrikaanse kerke uitgenooi om 'n 'vol huis' te reël deur spesiaal persone met gestremdheid te nooi om hulle rol in die Kerk te vier. Idees vir hierdie fees kan die volgende insluit:

- Maak voorsiening vir persone met gestremdheid om 'n leidende rol in die erediens te vervul, bv. preek, deel 'n getuienis, of lees uit die Bybel in Braille.
- Reël 'n ete waar gestremde en nie-gestremde persone wedersyds na mekaar kan uitreik in 'n ontspanne atmosfeer om hul lewenservaringe met mekaar te deel.
- Tydens die ete kan geleentheid vir kinders geskep word om saam met ander kinders met gestremdheid, 'n speletjie te speel. Maak seker die interaksie is spontaan.
- Loop om die kerkgebou en al die fasiliteite en gee diegene met gestremdheid geleentheid om hul uitdagings om op die terrein oor die weg te kom, te deel.
- Skep 'n geleentheid vir persone met gestremdheid om hulle talente vir die kerk aan te bied en vind saam maniere om dit werklik tot uitvoer te bring.
- Vind maniere om die aantal persone met gestremdheid, wat aktief by jul kerklike lewe betrokke is, uit te brei.

Kontak ons by www.rampup.co.za Erna Möller erna@tlm.co.za

012 345 4914 / 082 731 9857